KAMMANUUS
Nommer 351 6 Mei 2013
'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Ek beland in die kakiebos oor twee pakkies pille

Julle sal onthou ek het laas keer vertel oor hoe ek twee pakkies Syndol laat saamstuur het toe ek 'n paar skoene uit Duskantland laat pos het. Die skoene was eintlik bedoel vir ons bootreis op die Queen Mary.

Nou ja, die tweede dag terug by die werk, gryp ek toe my Egiptiese ingenieur om te gaan help as tolk. Dis hoeka hy wat my vertel het hulle wou hom nie die pakkie gee nie en aangedring het ek moet dit self kom afhaal. Die pakkie is nie by die poskantoor nie, maar by doeane. Ek moes toe al 'n rot geruik het . . .

Die plek is naby die lughawe. So teen halftwaalf parkeer ek die Pajero sommer so op die breë grondsypaadjie naby die hekke. Ek gaan mos net gou inwals en my pakkie afhaal. Nog voor iemand my kan gas gee, sal ek mos weer weg wees.

Halfdrie die middag is ons steeds daar. Die manne daar is baie vriendelik. So met die terugdink, eintlik té vriendelik. Hulle bied aanmekaar water en koffie aan. Mustafa vertaal. Sy Engels is egter nie te breed nie, so ek moet maar my eie gevolgtrekkings maak.

Die eerste vraag is of ek weet wat in die pakkie is. "Ja, daar is 'n paar skoene en hoofpynpille." Die man lyk effe verbaas. "Hoofpynpille?"

"Ja, pynpille, twee pakkies."

Mustafa verduidelik aan my dat ons net moet wag vir een of ander baas wat moet besluit of dit aanvaarbaar is dat ek die pille mag invoer. Hulle maak die pakkie voor my oop. Ek kan sien hy was al vantevore oopgemaak. So wat is nuut? Die pakkie kom dan van Suid-Afrika, dus eintlik 'n wonderwerk dat die skoene nog daarin is.

Uit elke skoen haal hulle 'n pakkie Syndols. "Is dit die pille wat jy laat kom het?"

"Ja, dis die pille, mag ek nou maar gaan?" Dis laat en hulle kan maar die pille hou as dit 'n probleem is, laat ek Mustafa hulle vertel.

"Nee, die nuwe skof nou nou hier, sit maar nog net so 'n bietjie," oortuig hulle ons.

Half vier stap daar twee jong polisiemanne in. My maag maak so 'n nare draai. Ek weet toe sommer, HKGK - Hier Kom Groot Kakiebosse!

Moustafa kyk my bekommerd in die oë. Hy verduidelik ek sal hulle moet vergesel. Hy mag nie saamgaan nie. Die vangwa is 'n dubbelkajuit Landcruiser. Hulle maak my agter in die kattebak gedeelte inklim. Mustafa en my Pajero raak klein agter ons.

Ek vroetel in my sak vir my selfoon. Ek wil nie waag om te bel nie, netnou neem hulle my foon af. Ek teks vir Annabelle ek is op pad polisiestasie toe, watter een weet ek nie. My foon se battery is amper pap. Die twee manne voor praat net Arabies, verstaan fottol Engels, so dit help nie eens ek probeer iets vra nie. Sal maar moet kyk waarheen hulle my neem.

Ek onthou Leon Rost het my vertel hulle het eers wye draaie met hom gery alvorens hulle hom in 'n kamertjie by die kriminele ondersoektak toegesluit het. Dieselfde gebeur met my. Ek eindig egter nie by dieselfde plek nie. Dié twee ry eers deur Wesbaai se sakegebied en kies toe 'n rigting noord, en uiteindelik kom ons by 'n nuwe aanleg aan in die buitewyke van Doha.

Bokant die groot grys staal hekke staan: '*Dwelmondersoekeenheid*'. Die naar kol op my maag vlam nog groter op, raak 'n brandende draaikolk van emosie...

Volgende keer: Die begin van 'n baie lang nag.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Die lewe loop in SIRKELS



Die herkoms van ons gesegdes (6)

Kaap: Die Kaap is weer Hollands (alles is weer in orde)

Dit verwys na die oorhandiging van die Kaap aan die Bataafse regering ná die Britse besetting van 1795-1802. Die Engelse besetting was nie baie gewild onder die inwoners nie.

Kaartman: 'n Regte kaartmannetjie (iemand wat lewendig is en baie bewegings maak)

'n Mannetjie van karton of hout waarvan die ledemate met toutjies verbind is wat dan beweeg as daaraan getrek word.

Kafdraf, kafloop: Iemand (iets) kafdraf (kafloop) (iemand verslaan, wen; die onderspit laat delf)

'n Verwysing na die ou manier van graan dors deur byvoorbeeld perde op die dorsvloer te laat draf of loop totdat die korrels uit is en net die kaf oorbly.

Kajuitraad: Kajuitraad hou (beraadslaag; oorlogsplanne beraam)

Uit die skeepvaart: Dié beraadslaging het vroeër gewoonlik in die kajuit van 'n gesagvoerder soos die admiraal ter see plaasgevind.

EK WIL NIE TEGNIES WEES NIE, MAAR HULLE SÊ

ALKOHOL IS 'N OPLOSSING

"Dis gevaarlik om reg te wees as die regering verkeerd is."
~ Voltaire

Opinies is soos anusse. Almal het een, maar niemand wil die ander persoon s'n sien nie.
~ Winston Hal Hickman

Uit die register van 'n SA hospitaal

1. Ontslaan-status: Lewendig, maar sonder my permissie.

2. Die 69-jarige man lyk afgeleef, verstandelik wakker maar vergeetagtig.

3. Die pasiënt het wafels vir ontbyt gehad en anoreksia vir middagete.

4. Sy is lam van haar tone af ondertoe.

5. Die vel was droog en klam.

6. Sy het soms konstante ongereelde hoofpyne.

7. Sy sê sy was haar lewe lank hardlywig, totdat sy van haar man geskei is.

8. Vel: Ietwat bleek, maar teenwoordig.

9. Pasiënt het twee tienerkinders, maar geen ander abnormaliteite nie.

10. Die ondersoek van die pelvis sal later op die vloer gedoen word.

Ons hoor graag wat die Kapenaars hiervan dink! Stuur kommentaar aan pos@onsdorp.com OOK AS JULLE SAAMSTEM!

1. Is die ou wat om middernag by ’n Johannesburgse nagklub opdaag met ’n sonbril aan sy bles vasgegom. Fully, bro.

2. Kan vanoggend stoksielalleen op ’n verlate eiland uitspoel, en teen vanaand sy derde kliek vorm.

3. Sal selfs ’n kar met ’n outomatiese ratkas vir ’n halwe straatblok agteruit laat loop wanneer hy teen ’n opdraande probeer wegtrek.

4. Se voorouers kon nie aan die Groot Trek deelneem nie, want die ander boere sou soggens voor 10:00 in die pad val en in die middae tot ná 15h00 doenig bly – meer as drie dae per week.

5. Glo vas die hele wêreld is (soos hy) permanent met vakansie en raak omgesukkel as iemand hom ná 13:00 op ’n Vrydagmiddag in die hande probeer kry om iets by hom te koop.

6. Trek altyd ’n trui of ’n baadjie aan as dit begin reën. Beskuie hom as Jo’burg se donderwolke begin knor.

7. Sit nie sy mond aan Afrika se stapelvoedsel (pap) nie en het só ’n renons in mieliemeel dat hy tradisioneel verkies om sy plaasarbeiders met drank te betaal. (Baie is al oor hierdie gruwel gedig en geskryf, hoor.)

8. Dink mens “braai” wanneer jy stinkvis of see-insekte op ’n vuur probeer gaarmaak.

9. Eet blomme (soos ’n koei) en maak selfs ’n bredie daarvan. Hygend hert.

10. Praat van die Kaapse berge asof hy en sy voorouers dit self aanmekaargeflans het. (Vergelyk dit graag met Gauteng se mynhope.)

11. Kan net 25 letters van die alfabet uitspreek, maar oortuig homself dis ’n teken van “kultuug”.

12. Is trots op die feit dat sy plaaslike bruin gemeenskappe Afrikaans lewend moes hou onderwyl hy en sy voorouers, vir eeue lank, net hul tone se punte by die Engelse se gatte laat uithang het. (In Transvaal en Vrystaat het ons die taal uitgebou onanks die feit dat die Engelse ons probeer uitmoor het, en “ons eie” bruin mense eerder dood sou neerslaan as om Afrikaans te praat.)

13. Is heimlik vies omdat niks van geskiedkundige belang in die Kaap gebeur het sedert die Voortrekkers daar weg is nie. (Selfs Mandela het nie getalmná sy vrylating nie en die plek in ’n groot stofwolk agtergelaat.)

14. Is die enigste Suid-Afrikaanse emigrant wat Engelse, Kiwi’s en Australiërs goed laat voel oor hul eie werketiek.

Wêreldwye telefoniese steekproef

Laas maand het die VN ’n wêreldwye telefoniese opname gedoen waarin hulle slegs een vraag gevra het: “Gee asseblief jou eerlike opinie oor oplossings vir die wêreld se voedseltekort.”

Die opname was ’n totale mislukking want:

1. In Oos-Europa het hulle nie die woord ‘eerlik’ verstaan nie.
2. In Wes-Europa het hulle nie geweet wat ‘tekort’ beteken nie
3. In Afrika ken hulle nie die woord ‘voedsel’ nie.
4. In Sjina weet hulle nie wat ‘Opinie’ is nie.
5. In die Midde-Ooste is die woord ‘oplossing’ onbekend.
6. In Suid-Afrika sukkel hulle om ‘asseblief’ te verstaan.
7. In die VSA weet hulle nie van ‘die res van die wêreld’ nie.
8. In Australië het hulle dadelik neergesit toe hulle die Indiese aksent hoor.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

VREESLOOS

'n Boer word by 'n padblokkade afgetrek.

Polisieman: "Enige vuurwapens by jou?"

Boer: "Ja! 9mm Browning-pistool op my heup, .357 Magnum-rewolwer in my skouerholster, .22-rewolwer in my enkel-holster, .45 Colt-pistool onder die bakkie se sitplek en 'n haelgeweer agter die bakkie se sitplek."

Polisieman: "Jissie Meneer, waarvoor is jy bang?"

Boer: "F-ol, Pappie, f-oll!"

DEFINITIEF!

Twee waterstofatome stap by die kroeg in.

Die een sê: "Ek het my elektron verloor."

Die ander een sê: "Is jy seker?"

Die eerste een antwoord:
"Ja, positief."

WAT IS 'N PA?

Die kind vra sy pa: "Wat is 'n man?"

Pa: "'n Man is iemand wat verantwoordelikheid vir die gesin en sy huis neem en na hulle omsien."

Seun: "Ek hoop ek sal eendag 'n man soos ma wees."

VERTEL HAAR!

Die skool se o.11-rugbyspan was op die punt om op te draf teen sy buurskool. Die afrigter het een van die seuntjies eenkant geneem en gesê: "Luister, Kosie, jy verstaan dat jy nie op die skeidsregter mag skel nie, selfs nie as hy 'n strafskop teen jou gee nie?"
"Ja, meneer."
"En jy weet ook dis teen die reëls om iemand wat jou laagvat te skop?"
"Ja, meneer."
"Mooi. Nou wil ek hê jy moet dit gou ook aan jou ma vertel."

BUFFERPLAKKER

Ek sien vanoggend 'n veearts se bakkie met die volgende plakkertjie:
"EK'S 'N VEEARTS EN RY SOOS 'N DIER."
Toe dink ek so by myself, daar is darem ook baie ginekoloë op ons paaie.

My dokter sê om etes vir vier voor te berei is ongesond as daar nie drie ander mense by is nie.
- Orson Wells

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker

'n PROPOSISIE

Ware liefde se paadjie vol dorings – neem kennis!

SANDTON-MEISIE OP SOEK NA 'N RYK MAN

WAT DOEN EK VERKEERD?

Ek gaan baie reguit weesl. Ek is besonder Beeldskoon en 25 jaar oud. Ek wil trou met 'n man wat minstens R500000 per jaar verdien.

Dit klink dalk baie, maar onthou, 'n halfmiljoen is nie baie geld in Sandton nie.

Is daar 'n man wat soveel geld maak wat vir my wenke het? Ek het met 'n sakeman uitgegaan wat so R200000-R250 000 per jaar kry, maar dit sal my nie tot by Hyde Park neem nie. Ek ken 'n vrou in my joga-klas wat met 'n finansier getroud is, en sy is nie eers die helfte so mooi soos ek nie, en ook nie slim nie.

Wat het sy reg gedoen? Hoe kom ek op haar vlak?

HIER IS MY VRAE

*Waar hang enkellopende mans uit? Wees spesifiek: kroeë, restaurante, gimnasiums, gholfklubs?

*Wat soek julle van my? Komaan, wees eerlik!

*Is daar 'n ouderdom waarop ek my moet toespits (ek is 25).

*In watter soort betrekking moet die man wees waarna ek soek? Prokureur? Beleggingsbankier? Dokter? Apteker? Ingenieur? Rugbyspeler?
Hoeveel maak hulle regtig?

*Hoe besluit jy tussen trou en net 'n verhouding?

*Hoe besluit jy tussen trou en net 'n verhouding?
Ek stel net in trou belang.
Hou asseblief die beledigings vir julle self.

Die meeste mooi vroue is kunsmatig – ek is minstens reguit en eerlik.

Ek sal nie na sulke mans op soek wees as ek nie net so mooi, gesofistikeerd, en opgevoed soos hulle is nie. Ek sal goed by enigeen van hulle inpas.

En ek kan 'n geselige en liefdevolle huis en haard aan die gang hou.

DIE ANTWOORD

Ek het jou brief met aandag gelees en oor jou dilemma nagedink. Ek mors nie jou tyd nie – ek voldoen aan al jou vereistes en maak meer as 'n halfmiljoen per jaar.
Wat jy bied, is egter net 'n sake-ooreenkoms: jy bied die voorkoms, en ek die geld.
Goed. Maar hier is die probleem:
Jou voorkoms sal vervaag, terwyl my geld waarskynlik sal aanhou vermeerder.

Daar is geen twyfel dat jy nie mooier gaan word nie!
In ekonomiese terme is jy dus 'n bate wat teen 'n groter wordende spoed in waarde verminder.

Jy is nou 25, en sal seker vir die volgende vyf jaar mooi bly. Dan begin jou skoonheid verwelk, en op 35 sal ek waarskynlik 'n vurk in jou kan steek!
In JSE-terme is jy 'n handelsproposisie, nie een om te koop-en-hou nie.
As jy dink ek is gemeen, kyk so daarna:

As my geld sou verdwyn, sal jy ook. Daar moet dus vir my ook 'n agterdeur oop wees.

Die enigste ooreenkoms wat sin maak, is 'n verhouding, nie 'n huwelik nie.

Ek het baie geleer van voldoende markte, daarom wonder ek hoekom 'n meisie so mooi soos jy nie 'n katelknaap kon losslaan nie.

Jy kan altyd probeer om jou eie geld te maak. Ek hoop dit help. Kontak my gerus as jy een of ander soort huurooreenkoms in gedagte het.

KORTES

Die wit man stuur sy swart werker om 'n bottel J&B whiskey te gaan koop. Die swart man kom terug, en sê: "Meneer ek kry hom nie dai J&B nie,toe koop ek 'n bottel Ek & Jy."
Die boer dink toe wat op aarde is Ek & Jy. Toe hy die sakkie oopmaak, is dit 'n bottel Black & White!

Sannie kom na skool by die huis en vertel haar mammie dat die seuns haar aanmekaar gevra het om handoorslae te doen omdat sy so goed is daarmee. Haar ma waarsku toe: "Jy moet weier, want al wat hulle wil doen, is om na jou broekie te loer."
Sannie antwoord: Ek weet, dis hoekom ek hom in my tas wegsteek!"

Die WEWENAAR en die WEDUVROU

Hy was 'n wewenaar, sy 'n weduvrou. Hulle was klasmaats op skool en het al die klasreünies bygewoon.

Op die 60 jaar reünie van die klas het hy en sy 'n viertal saam met twee ander enkellopendes gevorm en die aand vreeslik geniet.

Hy het admirerende kykies in haar rigting gestuur, en sy het skamerig teruggekyk.

Uiteindelik skraap hy die moed bymekaar en vra:

"Sal jy met my trou?"

Sy het dit tien sekondes lank oordink, en antwoord toe:

"Ja . . . ja, ek sal!"

Vir die wewenaar het die aand op 'n vrolike noot geëindig, maar die volgende oggend was hy 'n bekommerde man. Het sy Ja of Nee gesê?

Hy het hard probeer om die vorige aand se gesprek te onthou, maar kon net nie.

Hy het onthou dat hy die vraag gevra het, maar kon nie haar antwoord onthou nie. Toe tel hy die foon op en bel haar.

Hy het begin deur te verduidelik dat hy nie meer so goed soos voorheen kan onthou nie.

Toe skets hy weer die vorige aand se gebeure.

Hy het mettertyd genoeg moed bymekaar geskraap en vra :

"Toe ek jou gevra het om met my te trou, het jy Ja of Nee gesê?"

"Jou simpel man," antwoord sy, "natuurlik het ek Ja gesê! En ek het dit met my hele hart bedoel!"

Die wewenaar se hart het vinnig begin klop, en hy was baie verheug.

Toe gaan die weduvrou voort:

"Ek is so bly jy het gebel, want ek kan nie onthou wie die vraag gevra het nie!"

'n Man wat by Fruit & Veg werk is besig om appels uit te pak en 'n vrou benader hom.
"Ekskuus Meneer, weet jy waar die kool is?"
"Ons het op die oomblik nie kool nie, Mevrou, maar ons sal môre kool hê."
So vyf minute later hoor hy weer 'n stem, "Meneer, waar is die kool??".
Hy antwoord weer: "Ons het nie kool nie, Mevrou."
'n Rukkie later tik sy aan sy skouer en sê: "Ek kry nie die kool nie!"
Hy vererg hom: "Mevrou, beantwoord vir my drie vrae. Hoe spel 'n mens kat in katastrofies?"
"K...A....T," antwoord sy.
"Hoe spel 'n mens hond in hondsdolheid?"
"H....O....N... .D," sê sy.
"Nou mevrou, laastens, hoe spel 'n mens fok in kool?".
"Daar is nie fok in kool nie."
"Presies, Mevrou: daar is nie fokkin kool nie!"

Só maak mens!

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

JOGURT

750 ml melk
2-3 e gewone vars ongegeurde Bulgaarse jogurt
Kook melk tot net-net wil oorkook, en laat afkoel tot bloedhitte. Roer jogurt by 'n ½ k van die melk en roer dan deur res van melk. Hou in glas of erdewerk en laat oornag staan tot verlangde dikte.
Hou daarna in yskas en gebruik hiervan vir volgende jogurt maak.
WENKE:
**Om roomkaas te maak, laat dik jogurt deur 'n kaasdoek syfer en hang totdat al die water gedreineer het en net die korrelagtige vaste stof agterbly. Geur met swartpeper en gekapte groenuie en gebruik soos smeerkaas (cottage cheese).
**Jogurt kan ook in slaai geëet word saam met komkommers, groen uie sout en peper en vars kruie.
**Gebruik jogurt ook om vleis in te marineer en sag te maak.
** As nagereg saam met gestoofde vrugte en heuning.
**Wend dit aan as uitstekende afkoelmiddel teen sonbrand, en gebruik dit selfs as anti-candida swammiddel.

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

BEZUIDENHOUT talanasrest@trustnet.co.za
Eborah Elizabeth 13/2/1963, Dundee KZN. Oldenburg Martinus Albertus, Dundee KZN.
BURGER BezuidenhoutIrene@saps.gov.za
Kan ek net asseblief 'n voorbeeld van die Familiewapen kry.
COLLINS hduplessis@live.com
Die stamvader is blykbaar op 'n skip gebore in Tafelbaai. Is gedoop James Henry Collins. Een van sy kinders was Hendrik Abraham Collins. Het gevlug uit Belfast via Engeland.
HOFFMAN japie.hoffman@deltac.co.za
KNOETZE hester_montagu@yahoo.co.uk
Marthinus Gerhardus Oosthuizen 1738 - 1838
KOTZE johankotze@live.co.za
Ek het nie baie informasie nie. My oupa se naam was Piet Kotze en hy het op Melkkraal in die Vanrhynsdorp-distrik gebly en daarna het hy na Onderkloof getrek waar by oorlede is. Sy vrou se naam was Els Hy was onteien van sy grond in Melkkraal, dis hoe hy in Onderkloof beland het. My pa is Paul kotze en sy broers is Stoffel, Agus, Jan en Piet. Hulle woon op Vredendal,
Vanrhynsdorp en Lutzville. Ken enigeen die families?
LE ROUX frik.gas@gmail.com
Afstammeling van Gabriel. Ek is die tiende geslag in SA. Het die boek/register - Die Families Le Roux in Suid-Afrika. Genealogie Nr. 33. a2b4c3d8e1f3g3h4.
LOMBARD theresaduplooyza@gmail.com
Ek soek na persone wat die nageslag van Andries Benjamin (1869-1934) & Maria Petronella Elizabeth (gebore Matthee - 1869-1949,) Lombard, albei gebore te Heidelberg, Kaap en oorlede te Heilbron. Hul kinders is: Christoffel Johannes Lombard; Anna Magdalena Lombard; Andries Benjamin Lombard; Magdalena Lombard X Gouws; Judith Johanna Lombard X Douglas XX Fourie Dina Johanna Lombard X Johan Wilhelm de Jongh, Johannes Jurie Lombard Susarah Aletta Lombard X Nienaber, Benjamin Lombard * 24.12.1914 Susanna Lombard * getroud D Young; Wilhelmina * getroud Joseph; Pieter Jocobus Lombard.
LOVE talanasrest@trustnet.co.za
Eborah Elizabeth 13/2/1963 Dundee KZN Oldenburg Martinus Albertus Dundee Kzn
MAREE tkmaree@mweb.co.za
Ek doen navorsing oor die volgende vanne: Maree David Andreas 1847 - 1923, Janse van Nieuwenhuizen Pieter Frederick 1882-1946, Birch, Hyman, Strydom Daniel Johannes 1874- 1947, Kleyn Matthys Johannes 1880-1921.
SWANEPOEL linda@gmail.co.za
Gideon Petrus Swanepoel (Swannie). Oorlede 26.5.1970. Springbok. Boers Daantjie en Fred Swanepoel. Suster Soes en Kas Mostert van Thabazimbi. Neefs Freddie, Danie en Kassie Mostert. Niggie Susan Swanepoel.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

"Die vuur is perfek, nog so 'n minuut of wat se gewag en die peperduur skaaptjops is op die rooster. Eiehandig in my eie, spesiale marinade vertroetel."

Deur
DIE MEESTERBRAAIER

So 'n aantal jare gelede, op n heerlike Sondagoggend, is ek besig om 'n vleisie of vier te braai. Met 'n lekker glas St Anna in die hand, 'n vleistang in die ander, sit ek my tuin en bewonder. Gister die gras beter gesny as enige golfbaandokter. Die beddings omgedolwe om onkruid te verwyder. Ja, ek is ingenome met my handewerk.

Moeder is saam met die kinders kerk toe. Iemand moet darem die familienaam daar gaan hoog hou. Ek het onderneem om vroulief 'af' te gee wat die kosmaak betref. Miskien sal sy 'n bak of twee slaai moet maak aangesien dit nie my sterk punt is nie.

Ek is 'n Meesterbraaier! Van vleisbraai kan jy my nie veel leer nie. Van vure wat nie genoeg kole het nie, en te vroeg hulle asem uitblaas kan jy my niks leer nie. Van vure maak sonder dat enige aanstekers gekoop is, kan jy my niks vertel nie. Van vinnig n draai gaan loop en met die
terugkom net vlamme te sien en verbrande vleis te ruik, kan jy my niks vertel nie. Van vingers brand, kan jy my niks vertel nie. Van die hare op jou arms en die bietjie kuif wat jy nog het, te skroei, kan jy my niks vertel nie. Daarom beskou ek myself as DIE MEESTERBRAAIER.

Selfvoldaan sit ek met my heilige Anna in die hand. Met elke sluk, piepie die engeltjies in my keel. Dis Maart en die weer is op sy beste. Nie te warm nie en ook nie te koel nie - net mooi.

Die vuur is perfek, nog so 'n minuut of wat se gewag en die peperduur skaaptjops is op die rooster. Eie handig, elkeen sorgvuldig in my spesiale marinade vertroetel, van gisteraand af. Twee maande skaappryse gemonitor totdat die 'special' sy kop uitgesteek het. Kyk, met hierdie braaisel mag daar niks verkeerd gaan nie.

Ek is gerus, die beste ou in die gesin sit agter die Weber-braaiwa. Soos 'n poliesman sy gevangene oppas, ja dis ek daai. Die meesterbraaier op sy direkteurskampstoel. Ek pas die 'goue' vleis op
soos geeneen in die land se geskiedenis dit nog ooit gedoen het nie.

Die vleis-aroma trek die lug in. Ek glo die familie in die kerk kan dit ruik. Niks soos Karoo-skaapvleis nie. Nog 'n bietjie van die heilige meisie in die bottel. Ek beskou die bottel en die etiket. Nee wat, die ou etiket was baie mooier. Sal vir Douglas de Groen moet skakel om hulle my opinie te gee.

Woerts vlieg daar n wit, sneeuwit hoender oor die 'pre-fab' muur. Ja, dis die nuwe buurman van my s'n. Sowat drie maande gelede ingetrek van Soweto af. Standerd agt uit die skool en is nou n direkteur van die een of ander staatsdepartement.

Afgesien van die spoggerige 740 Bee-Em, boer hy met hoenders en twee boerbokke in die agterplaas. Een van die twee bokke gaan hy ter plaatse slag met die komende Paasfees. Die kinders is in 'n privaatskool in Houghton en sy vrou is die privaatsekretaresse van n mynbaas met die naam van Mostepe. Reg gespel, nie die ander een nie.

Ek kyk na die hoender wat skrop-skrop in die losgemaakte sand en in die beddings goggas soek. Die meisie piepie weer in my keel.

"Hallo neighbour", hoor ek hom in Ingels groet. Ek kyk en sien sy swart gesig net-net oor die muur loer. Dis die hoenderboer.

Die gewone oor-en-weer 'hoe gaan dit...' ensovoorts gaan sy gang. Ek kan reeds raai waarom hy oor die muur kom loer het. Dit het niks met die skaaptjops te

doen nie. Ook nie met die meisie in die bottel nie.

"Did you by any chance see my chicken?" vra hy.

"Ja, hy loop hier êrens in die tuin rond. Kom haal dit, maar jy moet die hoender vang," seg ek terwyl ek die goue skat omdraai op die kole. Nog so n slukkie van die heilige piepie.

Buurman het intussen by die werf ingekom om die hoender te kom vang. Net die nuutste modes pryk aan sy lyf. Ek kon nie anders as om sy laaangpunt krokodilleer-skoene raak te sien nie. Met die merk ek op dat daar agter hom op die grasperk, 'n eier lê.

Met n bietjie geskarrel van die een kant na die ander kant van die tuin vang buurman die hen. Ek sê aan hom dat die hoender 'n eier op die grasperk gelê het.
"Thank you, I'll take it home," sê hy.
"Nee," sê ek. "Dis op my werf gelê en die eier behoort aan my!."

En dis nou net hier dat ek en buurman haaks raak. Gelukkig onthou ek die goue skat op die vuur en ek draai dit om.

Hy sê dis sy hoender wat die eier gelê het. Ek sêdit is as gevolg van die lekker gevreet in die beddings dat sy die eier gelê het en dat sy die joppie boonop op my perseel gedoen het.

Die stryd begin rooi raak. Ek bedink 'n plan.

"Neighbour, do you know what a Boere-duel is?' vra ek. Hy weet glad nie. Nou verduidelik ek baie mooi en stadig in 'plain' Ingels. Die man moet alles baie goed verstaan. Ek wil een aanrandingsgeding teen my hê nie.
"Kyk," sê ek. "Jy gaan staan reg voor my met jou bene goed uitmekaar. Dan gee ek jou 'n skop in die voëlnes. Ons sal eers kyk hoe laat die skop plaasvind en weer kyk sodra jy regop kom. Dan word die proses omgeruil. Die een wat die langste neem om op sy voete te kom, verloor die eier".

Buurman verstaan dit goed en ek gaan eerste skop.

Met dié wat ek hom skop, laat val hy die hoender wat hekuit, straataf skarrel. Ek probeer om die hoender binne-in die erf te kry, maar dis pure verniet.

Intussen begin mister buurman stadig maar seker op sy bene kom. Hy kyk na sy horlosie en se hy was vyf minute 'down'.

Nou is dit sy beurt om my by te kom met daai laaangpunt fancy skoene. Maar daar's geen manier dat ek my so gaan laat verniel nie.
"Neighbour," seg ek. En ek verduidelik weer in 'plain' Ingels. "Terwyl jy daar op die grond rondgerol het, het ek besluit dat vir goeie buurmanskap jy met plesier die eier kan kry!"

Buurman kan sy ore nie glo nie. Hy neem die eier.

"Where is my chicken?"

"Straat-af na die regterkant toe."

Eier in die hand en met bakbene verdwyn hy uit my sig. O, bliksem! Met die 'Boere-duel' het ek skoon vergeet van die goue vleis op die rooster!

My hart slaan tien slae oor as ek die vleis omdraai. Nugget-politoer se moses! Pik blerrie swart!

Ek het so 'n kwartier aan my kant. Ek begrawe die skaapvleis, klim in die kar en sny 'n lyn na die Kolonel toe.

Terug by die huis word die hoenderstukke op die vuur gesit. Die boks en alle 'evidence' word in die vuur verbrand. Skaars klaar daarmee toe liefie en die kroos aanland.

"Skattie, die vleis ruik heerlik," sê vroutjie.

Met die slaaie gemaak, sit ons aan. Niemand vra uit na die skaapvleis nie.

"Pa, dit proe nes Kentucky, maar is baie lekkerder. Dit het so 'n rokerige smaak," sê die kinders.

"Skattie, jy móét hierdie resep vir my gee. Ek wil dit vir die dames by die kerk gee vir die gemeente-ete volgende maand."

"Vroutjie, daar is geen manier dat ek dit kan herhaal nie. Soos die kinders gese het, dit laat 'n mens dink aan KFC. Miskien sal dit werk as 'n mens dit so vir 'n wyle op die kole sit!"

En so verander my skaaptjops in hoendervleis op daardie dag in Maart!.

KAMMANUUS sal weer op 20 MEI opdaag